

Implikasie van boedelbelasting

Posted on [September 16, 2015](#)



Boedelbelasting word, kragtens die Wet op Boedelbelasting, gehef op die belasbare waarde van die boedel. Die algemene reël is dat indien die belastingbetaler gewoonlik in Suid-Afrika woonagtig is ten tye van sy/haar dood, al die bates (insluitend eiendom geag eiendom te wees), waar ook al geleë, ingesluit sal word in die brutowaarde van die boedel vir die bepaling van die boedelbelasting daarop betaalbaar.

Tans bedra boedelbelasting 20% van die belasbare waarde van die boedel. Buitelanders/nie-inwoners betaal ook boedelbelasting op hulle eiendom in Suid-Afrika.

Om die gevolge van boedelbelasting te minimaliseer, moet 'n mens die berekening daarvan verstaan. Die volgende is van toepassing in die bepaling van jou aanspreeklikheid:

1. Watter eiendom ingesluit moet word.
2. Watter eiendom “geagte eiendom” is.
3. Toelaatbare aftrekkings: die moontlikeaftrekkingswat toegelaat wordby die bereddering van die

Eiendom sluit in alle eiendom of enige reg op eiendom, inbegrepe roerende of onroerende, liggaamlike of onliggaamlike eiendom wat geregistreer is in die oorledene se naam tydens sy/haar dood. Dit sluit ook sekere tipes annuïteite, opsies om grond of aandele te koop, welwillendheid en intellektuele eiendom in.

Geagte eiendom

A. Versekeringspolis

1. Sluit opbrengste in van binnelandse versekeringspolis (betaalbaar in Suid-Afrika in die Suid-Afrikaanse geldeenheid [ZAR]), uitgeneem op die lewe van die oorledene, ongeag wie die eienaar (begunstigde) is.

2. Die opbrengs van so 'n polis is onderhewig aan Dit kan egter verminder word met die bedrag van die premies, plus rente teen 6% per jaar, in die mate wat die premies deur 'n derde persoon (die begunstigde) wat geregtig is op die opbrengs van die polis, betaal is. Premies betaal deur die oorledene is nie vir boedelbelastingdoeleindes aftrekbaar van die opbrengs nie.

3. As die opbrengs van 'n polis betaalbaar is aan die langsliewende eggenoot of aan 'n kind van die oorledene kragtens 'n behoorlik geregistreerde huweliksvoorwaardekontrak (d.w.s. geregistreer by die Aktekantoor) sal die polis geheel en al vrygestel wees van boedelbelasting.

4. Waar 'n polis deur besigheidsvennote uitgeneem word op mekaar se lewens en daar aan sekere kriteria voldoen word, word die opbrengs van boedelbelasting vrygestel.

B. Voordele betaalbaar deur pensioen- en ander fondse deur of as gevolg van die dood van die oorledene

Betalings deur sodanige fondse (pensioen-, aftree-annuïteit-, voorsorgfondse) bestaan gewoonlik uit twee komponente – 'n enkelbedrag by die dood en 'n annuïteit daarna. Die enkelbedragkomponent was vroeër onderhewig aan boedelbelasting, maar vanaf 1 Januarie 2009 word geen bedrag wat ontvang is van so 'n fonds ingesluit by die boedel van die oorledene vir boedelbelastingdoeleindes nie.

C. Skenkings ten tye van dood

Skenkings waar die begunstigde nie sal baat tot en met die afsterwe van die skenker nie, en waar die skenking slegs realiseer as die skenker te sterwe kom, is nie onderworpe aan skenkingsbelasting nie. Dit moet ingesluit word as 'n bate in die oorledene se boedel en is onderhewig aan boedelbelasting.

D. Eise kragtens die Wet op Huweliksgoedere (aanwas-eise)

'n Aanwas-eis wat die boedel van 'n oorledene teen die langsliewende gade het, is eiendom geag eiendom te wees in die oorledene se boedel.

E. Eiendom wat die oorledene by magte was om te vervreem onmiddellik voor sy dood (Artikel 3(3)(d) van die Wet op Boedelbelasting), soos byvoorbeeld om 'n bate aan 'n trust te skenk, kan beskou word geagte eiendom te wees.

Aftrekkings

Sommige van die belangrikste toelaatbare aftrekkings is die volgende:

1. Die koste van die begrafnis, grafsteen en sterfbed uitgawes.

2. Skulde wat op datum van afsterwe verskuldig is aan persone wat primêr woonagtig is in Suid-Afrika.

3. Die mate waarin hierdie skulde vereffen moet word uit eiendom ingesluit in die boedel. Dit sluit in die oorledene se inkomstebelasting betaalbaar (ook kapitaalwinstbelasting) tot en met datum van afsterwe.

4. Buitelandse bates en regte:

a. Die algemene reël is dat buitelandse bates en regte van 'n Suid-Afrikaanse burger, waar ook al geleë, as 'n bate by sy boedel ingesluit is.

b. Die waarde daar van kan egter afgetrek word vir boedelbelasting doeleindes waar sodanige buitelandse eiendom verkry is voor die oorledene vir die eerste keer gewoonlik woonagtig in Suid-Afrika geword het, of die eiendom bekom is by wyse van skenking of erflating van 'n nie-burger nadat die begunstigde vir die eerste keer gewoonlik woonagtig in Suid-Afrika geword het (met dien verstande dat die skenker of erflater nie gewoonlik woonagtig in Suid-Afrika was ten tye van die skenking of dood nie). Die bedrag van enige winste of opbrengs van enige sodanige eiendom is ook aftrekbaar.

5. Skulde en laste verskuldig aan nie-inwoners:

Skulde en laste verskuldig aan nie-inwoners is aftrekbaar, maar slegs in die mate wat sodanige skuld die waarde van die oorledene se bates geleë buite Suid-Afrika wat nie in die belasbare boedel ingesluit is nie, oorskry.

6. Bemakings aan sekere openbare weldaadorganisasies:

Waar eiendom bemaak is aan openbare weldaad- of welsynsorganisasies wat vrygestel is van inkomstebelasting, of aan die Staat of enige plaaslike owerheid in Suid-Afrika, sal die waarde van sulke eiendom van boedelbelasting afgetrek kan word.

7. Eiendom bemaak aan langslewende gade [Artikel 4(q)]:

a. Dit sluit in daardie deel van die waarde van die eiendom wat aan die langslewende gade bemaak is en wat nog nie as 'n aftrekking toegelaat is nie.

b. Let daarop dat die opbrengs van 'n polis betaalbaar aan die langsliewende gade, as geagte eiendom in die boedel ingesluit word vir boedelbelasting doeleindes, maar dat dit aftrekbaar is kragtens Artikel 4(q).

c. Artikel 4(q)-aftrekkings sal nie toegestaan word waar die eiendom wat geërf is onderhewig is aan 'n erflatings prys nie.

d. Artikel 4(q)-aftrekkings sal nie toegestaan word waar die bemaking is aan 'n trust wat tot die voordeel van die langsliewende gade geskep is, indien die trustee(s) 'n diskresie het om sodanige eiendom of enige inkomste daaruit aan enige ander persoon buiten die langsliewende gade te allokier nie ('n diskresionêre trust). Waar die trustee(s) geen diskresie met betrekking tot beide die inkomste en kapitaal van die trust het nie, kan die Artikel 4(q)-aftrekking toegestaan word ('n gevestigde trust).

Toelaatbare R 3.5 miljoen-aftrekking tussen gades

Die Wet maak voorsiening dat die R3.5 miljoen-aftrekking van boedelbelasting van die oorledene verplaas kan word na die langsliewende gade sodat die langsliewende gade 'n R7 miljoen-aftrekking kan gebruik by sy/haar dood. Die verplaasbaarheid van die aftrekking is slegs van toepassing as die hele waarde van die boedel van die eerssterwende gade nagelaat is aan die langsliewende gade.

Lewensversekering vir boedelbelasting

Boedelbelasting sal normaalweg ook gehef word op hierdie versekeringsopbrengste.

Bron: Moore Stephens se "Estate Planning Guide".

Hierdie is 'n algemene inligtingstuk en moet gevolglik nie as regs- of ander professionele advies benut word nie. Geen aanspreeklikheid kan aanvaar word vir enige foute of weglatings of enige skade of verlies wat volg uit die gebruik van enige inligting hierin vervat nie. Kontak altyd u regsadviseur vir spesifieke en toegepaste advies.

This entry was posted in [Trusts & Estate Planning](#) and tagged [Boedelbelasting](#), [eiendom](#), [geagte eiendom](#), [versekeringspolis](#) by [DKVG](#). Bookmark the [permalink](#).